

**Donderdag 24 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:19-23**

**Fokusgedeelte: Matteus 2:19-20**

**God se engel wys die pad van God se Seun na die beloofde land toe**

Matteus 2 skets vir ons 'n kommerwekkende geskiedenis. Jesus, God se Seun, is saam met sy ouers in Egipte. Egipte is nie die beloofde land nie. Dit is die land waarheen Josef en sy gesin moes vlug. Die historiese vraag is: Wat het van God se verlossingsplan vir sy kinders geword?

In 'n wonderlike oomblik verskyn God se engel vir die derde keer aan Josef: “Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en gaan terug na die land van Israel toe ...” Soos wat ons reeds voorheen gesien het, spreek God nog op 'n persoonlike vlak deur sy Engel met Josef. Herodes is dood. Hy is besig om sy verlossingsplan deur te voer. Sy Seun moet teruggaan na die beloofde land toe. Hy moet in Nasaret kom, want dit is daar waar die profete vir Jesus geplaas het. Die engel weet dat Nasaret die plek is waar die loot van die stam van Juda weer sal groei (Jes. 11:1).

Dit is tog ironies en hartseer wat ons hier lees. Die kerk van die Ou Testament het al die inligting en profesie oor die koms van Jesus ontvang. Wanneer Jesus kom, het die mens egter geen idee wat gebeur nie. Die engel moet alles reël, met verskillende verskynings aan Josef. God kom, Hy maak sy beloftes waar en die kerk weet niks, hulle sien of verstaan dit nie. God praat deur sy engel.

Anders as met Moses, sal Jesus nie in Egipte opgevoed word nie. Die engel neem Hom terug Nasaret toe. Teen alle verwagting in sal God self deur hierdie klein dorpie sy Seun die wêreld instuur. Dit is die boodskap van sy engel.

Vandag verstaan ons hoekom daardie engel dit gesê het. Vandag het ons die Nuwe Testament wat vir ons die betekenis daarvan verduidelik.

*Sing: Psalm 91-1:2, 6*

*Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)*